# KINDERKERK LES: Verstaan jou Bybel – Afdelings van die Ou Testament – Die Groot Profete boeke

**Doel van les:**

- Om die basiese samestelling van die Bybel beter te verstaan sodat ons dit gemakliker te kan lees en gebruik.

**Ysbreker: Boek ordes:** Vandag gaan ons verder leer aan die Bybelboek name. Ek gaan die naam sê en 'n beweging saam doen en dan gaan julle dit agter my aan doen. Is julle reg? (Die want gedeelte tussen die hakies is vir onderwyser se inligting en jy kan kies of jy dit nou al met kinders wil deel)

- **Genesis** – Albei hande bokant jou kop in 'n boog (Want in die begin het God die hemel en die aarde gemaak;
- **Eksodus** – Wys met wysvinger (God se Volk verlaat Egipte)
- **Levitikus** – Handpalms saam soos in gebed (Levitikus beskryf die maniere waarop sondige mense God kan aanbid en hoe ons heilig kan lewe.)
- **Numeri** – Hou drie vingers op (Die volk is getel)
- **Deuteronomium** – Wysvinger wat wys na kant van kop – jou tempel – (Herhaling van die wette om die belangrikheid van gehoorsaamheid te onderstreep en hoe God vir Israel sorg.)
- **Josua** – Maak asof jy 'n pyl met 'n boog skiet. (Josua lei die Israeliete die beloofde land binne en hulle neem die land in.)
- **Rigters** – Linkerhand se palm wys na die dak, regterhand in in vuis kap neer op die linkerhand se palm soos 'n regter se hamer. (Israel word regeer deur rigters in die tyd voor die konings.)
- **Rut** – Hou hande bymekaar asof dit vasgeboei is en breek dit dan los asof kettings gebreek word. (Die boek Rut is liefdesverhaal van toewyding en verlossing.)
- **1 Samuel** – Hou een vinger op en maak dan hartjie met jou hande soos jy Samuel sê. (Saul: geen hart. 1 Samuel bevat die verhaal van mense wat hulle reis saam met God goed begin, maar wat tragies eindig as gevolg van sonde – Eli + Saul.)
- **2 Samuel** – Hou twee vingers op en maak dan weer 'n hartjie met jou hande soos jy Samuel sê. (***Hele hart = Dawid.*** 2 Samuel beskryf die lewensverhaal van Dawid en sy koningskap oor Juda en die hele Israel. Die goeie en die slegte.)
- **1 Konings** – Hou een vinger op en maak dan kroontjie bokant jou kop met altwee hande. (Geskiedenis van die Konings van Israel en Juda.)
- **2 Konings** – Hou twee vingers op en maad dan 'n kroontjie bokant jou kop met altwee hande. (Geskiedenis van die Konings van Israel en Juda.)
- **1 Kronieke** – Hou een vinger op en maak dan asof jy 'n koerant oopvou om te lees. ('n versameling van die historiese gebeure van Israel onder Dawid se koningskap.)

- **2 Kronieke** – Hou twee vingers op en maak dan asof jy 'n koerant oopvou om te lees. (Geskiedenis van die konings van Juda.)

Verlede week het ons geleer van die Gedigte boeke in die Bybel. Ons het ook onthou dat daar Wet boeke en Geskiedenis boeke is.

Vandag gaan ons leer van die volgende klomp boeke. Wil julle weet wat die boeke genoem word? Ek gaan vir die leiers sê, en hulle gaan dan vir julle kom vertel, maar julle gaan moet mooi luister.

**Aktiwiteit 1: Telefoontjie**: Gee vir elke leier 'n strokie papier met die woorde: 'Die Groot Profete boeke' op. Hulle moet nou hul groep in 'n ry laat staan en dan die boodskap in die vorm van 'n telefoonspeletjie oordra. Kyk watter groep kan die boodskap die beste oorgedra kry.

Ja, ons gesels vandag oor die Groot Profete boeke in die Bybel. Nou wie dink hulle weet wat 'n profeet is? Is dit iets wat mens kan eet? Of wat van 'n soort boom?

Profete is mense wat deur God gebruik word om 'n boodskap van Hom aan ander mense te gee. Baie soos ek wat die boodskap vir julle leier gegee het, en die leier het dit toe met die telefoontjie vir julle gegee.

**Aktiwiteit 2:** Waar/onwaar speletjie: Gee vir elke groep 'n blaai met 'n regmerkie en ook 'n blaai met 'n verkeerde merkie op. Vra nou die volgende vragies en die kinders moet besluit of dit die waarheid is (dan wys hulle die regmerkie) of verkeerd is (dan wys hulle verkeerde merkie).

- Adam en Eva het by die skool ontmoet – vals
- Kersfees gaan alles oor geskenke kry – vals
- Honde kan vlieg – vals
- 'n Igloo is 'n huis wat van ys gemaak is – waar
- Johannes die Doper het springkane en heuning geëet – waar
- Maart kom net voor Februarie – vals
- Groente kom van hoenders – vals
- Lasarus is deur Jesus weer lewendig gemaak – waar
- 'n Vlieër het wind nodig om te kan vlieg – waar
- Rotte eet net marshmallows – vals

- Jy is belangrik vir God – waar

God het baie belangrike boodskappe gehad wat Hy aan die profete gegee het om vir Sy volk te vertel. Anders as van die vrae wat ons nou gehoor het, is God se woorde altyd waar. Ons kan dit glo en as Hy belowe om iets te doen, sal dit gebeur al vat dit soms lank en gebeur dit nie dadelik nie. Ongelukkig het nie al die mense of die konings geglo wat die profete gesê het nie.

Nou weet ons wat 'n profeet doen. Kom ons ontmoet nou die Groot Profete. (Deel blaaie uit wat voorberei is vir aktiwiteit 3.) Op hierdie blaaie is 'n boodskap van my. Die name van die Groot Profete. Glo julle my? Julle gaan iets spesiaals moet doen om dit te kry.

**Aktiwiteit 3: Geheime boodskap:** Berei voor die tyd 'n blaai vir elke groep voor waarop die name van die vier Groot Profete onder mekaar in wit vetkryt geskryf is. Jesaja, Jeremia, Esegiël en Daniël staan dus onder mekaar geskryf op 'n skoon wit blaai. Die blaai gaan lyk asof dit niks op het nie. Gee vir elke groep 'n stuk koerantpapier op 'n skinkbord, waterverf en 'n kwas. Hulle moet nou oor die blaai verf om die name te kry. Soos die verf oor die wit vetkryt gaan, sal die name sigbaar raak. Laat die leiers die name vir hulle lees.

**Sê:** Reg nou het ons hulle name: Jesaja, Jeremia, Esegiël en Daniël. Nou moet ons uitvind watter boodskappe hulle moes gee vir God se volk en hulle konings. Daar was baie, maar kom ons kyk net na van hulle.

**Aktiwiteit 4: Boodskap 1: (Gebruik die prentjie van die vinger vir hierdie speletjie. Druk dit op 'n blaai uit en vou dit op. Jy kan kreatief raak en dit oprol en in 'n klein botteltjie sit soos 'n "message in a bottel". Dit moet net steeds gemaklik weggesteek kan word deur die kinders vir die speletjie om te werk.)** Maak 'n groot sirkel en kies 'n kind om in die middel te staan om die speletjie te begin. Laat die kind in die middel sy/haar ogies toemaak en gee die botteltjie/papiertjie vir 'n kind wat in die sirkel staan. Almal in die sirkel staan met hulle handjies agter die rug. Laat die kind in die middel sy/haar ogies oopmaak en probeer raai agter wie se rug die boodskap weggesteek is. Indien die kind nie reg geraai het nie, laat hy/sy weer ogies toemaak en dan moet die een wat die boodskap het dit vir 'n ander kind gee. Die kind in die middel maak dan ogies oop en probeer weer raai. As hy/sy verkeerd raai, laat die kind wat die boodskap het, in die middel gaan staan. Iemand anders kry nou die boodskap om vas te hou. Die speletjie kan so aangaan. Sodra die boodskap gevind is, kan almal gaan sit of indien hulle te goed wegsteek, stop die speletjie na 'n rukkie en kry die boodskap.

Wys die prentjie vir die kinders en plak dit dan op 'n bord. Nou moet die volgende boodskap gekry word.

**Aktiwiteit 5: Boodskap 2: Whatsapp boodskap:** Elke leier moet hul foon by hulle hê. Sê vir die kinders dat jy nou 'n boodskap gaan stuur na hulle leier se foon en julle gaan kyk watter groep eerste die boodskap kry. Stuur nou vir elke leier 'n hartjie "emoji".

Plak nou 'n hartjie prentjie ook op langs die vinger.

Kom ons sit nou hierdie prentjies bymekaar om die groter boodskap te kry wat God vir die profete gegee het.

Onthou julle dat ons geleer het dat God vir die volk reëls gegee het? Ons het tien van hulle so met ons hande geleer. Ons noem hulle mos die 10 gebooie. Ongelukkig het die mense nie geluister na God se reëls nie. God het die profete gestuur om vir die volk te sê hulle moet ophou sonde doen en Sy reëls volg. God het vir hulle gesê dat Hy baie, baie lief vir hulle is, en as hulle net kom jammer sê en Hom die liefste van almal het, sal Hy hulle vergewe. Ongelukkig het die volk en die konings nie geluister na die profete nie en hulle is gestraf.

Kom ons sorg dat ons eerder luister na God se woorde. Stem julle saam? As ons wel iets verkeerds doen, onthou dat God ons baie, baie lief het en ons altyd na Hom toe kan gaan en jammer sê.

Sluit af met gebed in groepe.

**Telefoontjie speletjie**

Die Groot Profete boeke

Die Groot Profete boeke

Die Groot Profete boeke

Die Groot Profete boeke







